



Laerskool KENRIDGE Primary School

Van Riebeecklaan / Van Riebeeck Avenue, KENRIDGE, 7550 | Tel: 021 976 3046/7 | Fax/Faks: 021 975 1312

www.kenridgeprimary.co.za

Every child Every chance Every day | Elke kind Elke kans Elke dag | Wonke umntwana Lonke ixesha Yonke imihla

28 Oktober 2026

Geagte Ouers en Voogde

SKRYFBEHOEFTE-PAKKETTE VIR 2027: Graad 2 tot Graad 7

Vanaf 2 November 2026, kan 2027 se Terug-skool-toe skryfbehoeftes **direk** by die grootmaat skryfbehoefteverskaffer, **Spectra Stationers** in Glengarry Inkopiesentrum, aangekoop word. Alhoewel dit nie verpligtend is om u skryfbehoeftes by Spectra Stationers aan te koop nie, is daar spesifieke items – soos aangedui per graad – wat Spectra spesifiek in voorraad aanhou.

Esmé Eksteen en haar vriendelike personeel sien uit daarna om elkeen te verwelkom en te help met die aankoop van elke leerder se skryfbehoeftes, soos aangedui op die aangehegde bestelvorm. Neem gerus hierdie voltooide bestelvorm saam wanneer u Spectra besoek.

Spectra Stationers se adres word op die laaste bladsy van die katalogus aangedui, asook al die spesiale aanbiedinge, gratis produkte en geskenkbewyse wat beskikbaar is.

<u>Handelsure:</u>	Maandag – Vrydag	09:00 – 18:00
	Saterdag	09:00 – 15:00

Ouers is welkom om Esmé te kontak op 083 703 3059 vir enige verdere navrae in verband met die skryfbehoeftes.

Afgesien van die skryfbehoeftelys in hierdie lêer, sal geen addisionele harde kopieë beskikbaar wees nie. Dit sal wel op School Communicator (Skryfbehoeftes 2027) en op die webwerf van die toepaslike grade se webblaai, geplaas word.

Die uwe

C. C. Müller (Mev.)
Skoolhoof

